

# SONDAG 2 NOVEMBER 2014

## Moenie jou of ander se lyding inkleur nie

**TOETREDE:** Gesang 178

**VOTUM:** Soos die oë van 'n dienskneg gerig is op die hand van sy eenaar soos die oë van 'n diensmeisie gerig is op die hand van haar eienares so is ons oë gerig op die Here ons God totdat hy hom oor ons ontferm.

**SEËNBEDE:** Gemeente genade en vrede vir u van God ons Vader van Jesus Christus die Here deur die kragvolle werking van die Heilige Gees.

**OUDERLING:**

**LOFSANG:** Psalm 98:1 en 2.

**WET:**

Geliefdes in die Here Jesus Christus!

Die Bybel roep ons op om heilig te lewe en God gehoorsaam te wees. In 1 Petrus 1 vers 13 tot 16 lees ons:

"Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus. As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie. Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees. Daar staan immers geskrywe: "Wees heilig, want Ek is heilig."

Daarmee saam roep die Bybel ons ook op om mekaar lief te hê. In 1 Petrus 1 vers 22 en 23 lees ons ook:

"Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar .... ongeveer lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê. Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God."

**SKULDBELYDENIS:**

Geliefdes, ons kyk na die wêreld rondom ons en dan kom ons agter dat ons nie werklik heilig lewe nie, nie gehoorsaam is aan God nie en mekaar nie lief het nie. Ons is deel van hierdie wêreld en ons staan ook skuldig voor God. Kom ons bely ons skuld voor Hom deur saam te sing van Gesang 452 vers 1, 2 en 3.

**GENADEVERKONDIGING:**

In die profete boek Joël lees ons in hoofstuk 2 vers 12 tot 14:

“Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!”

### **GELOFSBELYDENIS:**

So wil die Here ons ook vergewe wanneer ons ons sonde bely en in Hom glo. Ons het in ons lied ons sonde bely voor God. Kom ons bely dan nou ook ons geloof in die Here wie genadig en barmhartig is en wie ons met sy liefde elke dag versorg.

‘Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria; wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar Hy sal kom om te oordeel, dié wat nog lewe en dié wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan ‘n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en ‘n ewige lewe. **Amen**’

### **TOEWYDING:**

God vergewe. Hy is vir ons lief. Dit weet ons deur die werk van sy Heilige Gees in ons. Kom ons bid dat die Heilige Gees opnuut in ons harte sal kom sodat ons opreg ons geloof kan uitleef. Ons sing saam van Gesang 432 vers 2

**SKRIFLESING** : Markus 14 en 15 (Sekere gedeeltes word uitgelig)

Tot sover die skriflesing: Gelukkig is elkeen wat die woord van die Here hoor dit glo en ook sy lewe daarvolgens inrig.

**GEBED:** Gesang 283:1 en 2

### **PREEK:**

Vertel wat hierdie week gebeur het asook die preek van 2 weke gelede:

- Daar is mense wat so swaar kry dat hulle op gegee het in die lewe. Opgegee het om te probeer. Opgegee het om te glo. Op gegee het om te hoop.
- Twee weke terug se boodskap was: **Jou tye is in God se hande**, daarom, om Jesus ontwil: **Géé ook jou tye in God se hande oor.** Doen dit wanneer jy die nuwe dag of week moet aanpak, wanneer jy die moeilike situasie moet hanteer, wanneer die tye waarin jy leef jou benoud maak. Doen dit wanneer jy keuses moet maak. Wanneer jy bang is, dink hieraan: dieselfde hande wat duisend miljoen Melkwegstelsels gemaak het, wat ons planeet aarde in die Melkwegstelsel geplaas het as 'n spikkeltjie tussen miljoene ander sterre – daardie selfde hande hou jou vas! God bly in beheer .... Hy hou jou in die holtes van sy hande vas!

Aan die een kant vind 'n mens dit moeilik om te verstaan dat mense wil tou opgooi in die lewe. Aan die anderkant kan ons ook nie verstaan waarom die lewe soms so bitter moeilik is nie en daar nie uitkoms en hulp skein te wees vir baie mense nie. Daarmee saam kom die vraag: Is dit so maklik om jou lewe maar net in God se hande te sit? Om maar net te glo dat jy in God se hande is?

Geliefdes in die Here. Omdat hierdie vrae in ons kop soms maal, is dit so dat ons geneig is om die verlede te idealiseer. Ons onthou die mooi dinge en vergeet die swaarkry. Ons sien selfs die swaarkry in romantiese lig en dink dit was darem nie so verskriklik erg nie. Alles word mooi ingekleur, omdat ons die swaarkry wil vergeet.

Dit gebeur helaas ook soms as ons terugdink aan die lyding en sterwe van Jesus. Ons kan nie anders as om aan die lyding en sterwe van Jesus te dink in die lig van die opstanding en hemelvaart nie. Dit is as 't ware die bril waardeur ons na die lyding en sterwe van Jesus kyk. Dit maak egter dat ons sy lyding in 'n mate versag, want Hy het mos opgestaan. Die dood was vir Hom nie so erg nie, want sy sterwe het mos maar net drie dae geduur. So word sy sterwe amper op die vlak van 'n koma geplaas. So verskraal ons die lyding van Jesus.

Daarby bely ons dat Jesus nie net volledig mens was nie, maar ook volledig God. Die idee vat dan maklik pos dat sy lyding vir Hom nie so erg sou wees nie. So amper asof dit 'n skynlyding sou wees. Of skram ons net weg van die diepte van die lyding van Jesus omdat ons nie te emosioneel wil wees oor sy lyding nie? Of wil ons maar net fokus op die betekenis van die lyding van Jesus sonder om aandag te gee aan die omvang en diepgang van sy lyding?

Lees ons die Evangelies, dan is dit opvallend dat die omvang van die lyding van Jesus vermeld word. Sy lyding het veel meer omvat as net fisiese lyding. Die Evangelies vertel ook vir ons van sy emosionele en geestelike lyding. In die lig van die lyding van Jesus moet ons egter ook kyk na ons lyding en lyding rondom ons.

In onder andere Markus 15:17-19 lees ons van die fisiese lyding van Jesus. Die soldate sit 'n doringkroon op sy kop. Hulle slaan Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop. So slaan hulle die doringkroon al dieper in en begin Jesus se fisiese lydingspad. Hierna moes Hy die kruis dra op pad na Golgota toe. Sy kragte was so uitgeput dat Hy dit nie enduit kon doen nie. Langs die pad het die soldate Simon van Sirene gedwing om Jesus te help en sy kruis te dra (Luk. 23:6).

Die fisiese lyding van Jesus het sy hoogtepunt bereik met die kruisiging. Eers is spykers deur sy hande en voete geslaan. Daarna is sy kruis opgelig en moes Hy in die son hang om te sterf. Dit is seker een van die swaarste maniere om te sterf. Nie 'n plotselinge dood nie, maar 'n langsame, stadige en uiters pynlike dood het Jesus gesterf. Ek dink nie een van ons kan ons indink in die fisiese pyn wat Jesus aan die kruis moes deurmaak nie. Sy lyding was nie maklik nie. Inteendeel, dit was oneindig swaar.

Geliefdes in die Here. Word ek en jy nog geraak deur die diepte van Jesus se fisiese lyding? Of het ons so afgestomp geraak daarvoor dat ons ook maar al te maklik, nie net verby sy lyding kyk nie, maar ook verby mense wat swaarkry in hulle lyding loop. Hoe baie mense verkeer nie in byna ondraaglike pyn nie. Hoe baie ly nie oor lang tydperke nie. Sal ons nie bietjie meer bewus wees van die pyn en lyding van so baie om ons, wanneer ons weer kyk na Jesus se lyding nie?

Die lyding van Jesus was nie beperk tot fisiese pyn en lyding nie. Jesus het ook emosioneel diep gely. Dieper as wat ons moontlik ooit kan dink. Hy het vir lank die emosionele las gedra dat sy volgelinge Hom nie regtig verstaan het nie. So baie van hulle het heeltemal 'n verkeerde idee gehad van waarvoor Hy gekom het. Hulle het gedink Hy kom om 'n aardse ryk op te rig. Hulle sien Hom as Wonderwerker wat alles in hierdie lewe vir hulle mooi en voorspoedig sal maak. Is ons nie maar nog steeds deel van dié groep nie? Dink ons nie ook maar dikwels dat Hy alles vir ons glad moet laat verloop nie? Die nie-verstaan van die doel van sy koms en van sy boodskap moes diep emosionele lyding tot gevolg gehad het.

Daarby moes die feit dat die kerk en sy leiers Hom met agterdog bejeën, nie hoor wat Hy sê nie en Hom uitstoot, verdag maak en verwerp ook diep emosionele lyding tot gevolg gehad het. Veral toe hulle aan die einde allerlei valse beskuldigings maak en die wet verdraai om die Romeinse owerheid, en die volk, te oortuig om Hom dood te maak. Die feit dat die kerk en die gemeenskap Jesus verwerp het, moes diep letsels van emosionele lyding gelaat het.

Dit was nie net buitelanders wat Jesus verwerp het nie. Ook sy eie dissipels het dit gedoen. Judas het Hom verraai. Petrus het Hom verloën. Die ander het weggehardloop toe Hy gekruisig is. Hoe diep moes dit nie insny in sy siel nie?

En ons? Verdiep ons nie sy lyding deurdat ons nie verstaan wat Hy sê en leer nie? Verwerp ons Hom nie deur talle van ons besluite en optrede in die lewe nie? Daar is so baie onder ons wat emosioneel ly. In ons emosionele lyding kan ons weet dat Hy wat emosioneel diep gely het, ons lyding verstaan en by ons is, ons ondersteun en ons nie in die steek sal laat nie.

Teen die einde van sy lewe het Jesus baie ernstig met sy dissipels gepraat en gesê dat dit wat hulle aan ander doen, dit is wat hulle aan Hom doen. Daarom moet ons vra of ons nie vir ander se emosionele lyding verantwoordelik is of dit verdiep nie. Luister ons na mekaar? Verstaan ons wat ander sê? Verwerp ons nie al te maklik ander nie? Manipuleer en verloën ons nie ander nie? Laat ons ander nie in die steek nie?

Jesus se emosionele lyding word ook belig in Markus 14:32-42, die bekende gedeelte oor Jesus in Getsemane. Hier lees ons dat Jesus na die tuin gaan om te bid omdat Hy tot die dood toe benoud en beangs was. Hy neem die dissipels saam. Hy neem die binnekring van die dissipels 'n bietjie verder saam en vra dat hulle sal waak en bid. Helaas, as Hy terugkom, kry Hy hulle aan die slaap. Weer pleit Hy by hulle om Hom te ondersteun. Weer faal hulle. Jesus se ondersteuningsgroep werk nie. Hulle staan Hom nie by in sy uur van nood nie. Dit moes sy emosionele lyding oneindig verdiep. Hy staan alleen. Hy worstel alleen. Niemand ondersteun Hom nie.

Is ons as Christene nie nog maar altyd aan die slaap nie? Watter ondersteuning bied ons aan diegene wat doodsbenoud is? Waak en bid ons saam met dié wat worstel en nie kans sien vir wat voorlê nie?

Jesus se lyding was nie beperk tot sy fisiese en emosionele lyding nie. Hy het ten diepste ook geestelik gely. Sy geestelike lyding was seker sy diepste lyding. In Getsemane worstel Hy. Hy word doodsbenoud. Hy het gebid dat, as dit moontlik was, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie. Hy het gesê: *“Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil”* (Markus 14:36). Dit bid Hy tweemaal. Hy pleit by sy Vader. Hy pleit omdat Hy byna nie kans sien vir wat voorlê nie. Sy gebed word nie verhoor nie.

Jesus moes die lydensbeker voluit drink en die lydenspad enduit loop. Aan die kruis roep Hy uit: *“Eloi, Eloi, lama sabagtani? Dit beteken: My God, My God, waarom het U My verlaat”* (Markus 15:34). Waarom dit, kon dit nie anders nie, was dit regtig nodig? Die geestelike lyding van Jesus bereik 'n absolute dieptepunt as Hy uitroep: *My God, My God, waarom het U My verlaat?* Dit is 'n dieptepunt wat ons nie kan begryp nie. God van God verlate. Hoe is dit moontlik? Ons kan nie eens probeer om dit te verstaan nie. Al wat ons kan weet, is dat Jesus se geestelike lyding verskriklik diep en swaar was en aan die kruis 'n onbegryplike dieptepunt bereik het.

Geestelike lyding word ons nie altyd gespaar nie. Ons worstel ook soms met vroe en ons is ook soms in stryd met die Here op grond van omstandighede. Ek en jy beleef ook dae dat ons net nie meer kans sien vir die pad vorentoe nie. Ons baklei soms met die Here soos Habakuk en Job en Jeremia. Ons verkeer ook soms in 'n geestelike stryd. Ons geestelike lyding is soms diep en erger as die emosionele of fisiese lyding. Dan is dit goed om te weet dat Jesus ook hierdeur is en vir ons die pad oopgemaak het. Hy verstaan ons geestelike lyding. Hy verwerp ons nie. Hy was van God verlate sodat ons tot God geneem en nooit deur Hom verlaat sal word nie.

Ons moet ook net onthou dat ander soms geestelik diep ly. Dan moet ons net nie soos die vriende van Job vinnige kitsantwoorde en teologiese of godsdienstige verklarings bied nie. Ons moet maar net soos die vriende van Job, aan die begin daar wees en by hulle sit en saam met hulle bid en ly. Al wat ons kan sê is dat Jesus gely het, ook geestelik, en dat Hy by diegene wat ly, is.

Lyding is nie lekker nie. Helaas is dit so dat lyding deel van die lewe is en dat nie een van ons lyding kan vryspring nie. Ons mag lyding nie verromantiseer of ander se lyding verklein of geringag nie. Wees stil en dink aan die diepte van die lyding van Jesus: sy fisiese, emosionele en geestelike lyding. In ons lyding kan ons ons na Hom wat lyding ken, wend. Laat ons ook in liefde uitreik na hulle wat baie swaarkry en diep ly. So help ons hulle om staande te bly en nie op te gee nie. So hou ons aan om te bid en raak ons nie moedeloos nie. So gee ons almal ons lewe en tyd oor in God se hande en aanvaar ons dat ons nie uit sy hande sal val nie. Amen

## **GEBED**

**SANG:** Gesang 275:1 tot 5

**SEËNGROET:** Die genade van ons Here Jesus Christus die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees van nou af tot in ewigheid.

**AMEN:** Gesang 314